2018/03/12
09:17 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/03/05	DATUM 2018/03/02			+ - WEEK GELEDE 2018/02/26		+ - MAAND GELEDE 2018/02/12		+ - JAAR GELEDE 2017/03/06	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent ($/b)	65.58	1.63	2.5%	63.95	1.6%	64.54	3.5%	63.39	27.6%	51.40
US$: ? ZAR	11.88	-0.020	-0.2%	11.90	-1.0%	12.00	-0.7%	11.96	-9.5%	13.13
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 826.33	-15	-0.8%	R 1 841.12	* CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Mielies Mei +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 135.65	-29	-1.3%	R 2 164.39	*CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Koring Mei +-12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 536.48	-77	-1.7%	R 4 612.99	*CBOT Mei sent/skepel +-08:00 vandag vs CBOT Soy Mei +-12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn May '18	390.50	-2.50	-0.6%	393.00	1%	385.00	7%	366.00	-2%	397.50
Wheat May '18	489.25	-5.75	-1.2%	495.00	-2%	500.00	7%	457.00	-2%	500.25
Soybean May '18	1039.25	-15.75	-1.5%	1055.00	-3%	1071.00	4%	999.00	3%	1011.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Mrt '18	3150.00	0	0.0%	3150.00	3.6%	3040.00	5.0%	3000.00		NA
WMAZ SPOT	1940.00	44	2.3%	1896.00	4.8%	1852.00	6.2%	1827.00	-11.6%	2195
WMAZ Jul '18	1999.00	45	2.3%	1954.00	2.1%	1958.00	2.6%	1948.00	-5.9%	2125
YMAZ SPOT	2049.00	69	3.5%	1980.00	6.0%	1933.00	7.0%	1915.00	-8.9%	2250
YMAZ Jul '18	2094.00	63	3.1%	2031.00	3.8%	2018.00	4.0%	2013.00	-4.5%	2192
SOY 50 SPOT	4639.00	-14	-0.3%	4653.00	-1.9%	4731.00	3.6%	4477.00	-14.9%	5450
SOY May '18	4729.00	-11	-0.2%	4740.00	-2.0%	4826.00	2.9%	4596.00	-6.0%	5030
SUN SPOT	4850.00	30	0.6%	4820.00	1.2%	4792.00	4.0%	4665.00	6.7%	4546
SUN May '18	4747.00	-9	-0.2%	4756.00	0.1%	4743.00	0.4%	4728.00	1.9%	4659
WHEAT Spot	3635.00	-8	-0.2%	3643.00	0.7%	3611.00	0.1%	3630.00	-10.0%	4040
WHEAT May '18	3702.00	-6	-0.2%	3708.00	0.8%	3674.00	1.4%	3652.00	-10.0%	4115
OLIESADE (US$/ton)	2018/03/09	Bron: Oilworld			2018/03/02		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	740				-3%	762	-4%	769	9%	676
Soya-pell, Arg.	424				-3%	436	25%	339	15%	368
Soybean, Brazil	446				1%	443	9%	410	9%	410
USA Runner 40/50	1260				5%	1200	-21%	1600	-3%	1300
Sun-oil, Arg.	740				-1%	750	-2%	755	-8%	800
Sun-oil, Black Sea	760				1%	750	1%	750	1%	750
Sunseed,Black Sea	390				1%	385	-3%	400	-5%	409
Rapeseed, EU cif	421				-2%	430	-1%	425	6%	399
Palmk oil Mal, EU	960				-9%	1060	-35%	1470	-7%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: Die hoof fokus in die internasionale mark is steeds hoofsaaklik op die produksie in Suid Amerika met groter fokus op Argentinië waar die weersomstandighede meestal droog was deur die produksie seisoen wat 'n noemenswaardige impak op die opbrengsverwagtinge het. Die Argentynse produksie vir die seisoen word tans op 42 miljoen ton geskat en indien die ongunstige toestande voortduur in die volgende paar weke kan die produksie vir die seisoen selfs verder afwaarts aangepas word. Die sojaboon produksie in Brasilië lyk beter as wat aanvanklik verwag was en die en volgens die nuutste WASDE verslag behoort die Brasiliaanse produksie vir die seisoen ongeveer 113 miljoen ton te bereik. Dit is 3 miljoen ton meer as die vorige skatting, asook naby aan die rekord produksie van verlede seisoen wat op 114 miljoen ton gerapporteer was. Die aanplantings van somergrane in die noordelike halfrond sal in die volgende paar weke weer grootliks die fokus in die internasionale markte wees met baie van die analiste wat van mening is dat die VSA moontlik meer sojabone sal aanplant na die onlangse versterking in die internasionale sojaboonpryse. Die huidige sojaboon/mielie prys verwantskap is steeds meer gunstig vir sojabone as vir mielies. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel nadat dit aanvanklik in die week ondersteuning gevind het voor dit later weer onder druk gekom het om byna onveranderd tot effens laer te sluit vir die week vanaf die vlakke waarteen dit Maandag geopen het. Die plaaslike mark het verlede week meestal in lyn met die internasionale mark en die wisselkoers verhandel.

Sonneblomsaad: In Rusland het die sonneblomme wat tydens Januarie en Februarie gestroop was die verwagtinge oortref en die opbrengste was beter as wat aanvanklik verwag was en daarom is die Russiese sonneblomsaad produksie skatting vir die seisoen hoër aangepas. In die Oekraïne het die sonneblom meel uitvoere gedurende Januarie herstel vanaf die lae vlakke wat gedurende Desember gerapporteer was en het ook die rekord vlakke van verlede jaar Januarie oortref. Die meeste van die uitvoere wat gedurende Januarie plaasgevind het was na die EU, Marokko, Sjina en Vietnam. In Argentinië is die stroop proses van sonneblomsaad aan die gang en ongeveer 43% is reeds gestroop. Die produksie daar is meestal onder druk hoofsaaklik as gevolg van die droë weerstoestande wat grootliks geheers het gedurende die groeiseisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week hoofsaaklik ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week om meestal hoër af te sluit Vrydag as die vlakke waarteen die Maandag geopen het.

Kanola: Die Kanadese kanola verwerking en uitvoere het gedurende Januarie ongeveer 12% gedaal vanaf die vlakke wat 'n jaar gelede gerapporteer was alhoewel die kanola uitvoere gedurende Januarie die aanvanklike verwagtinge in die mark oorskry het met meeste van die uitvoere wat na Sjina toe was. **Plaaslik:** Plaaslik sal die fokus in die kanolamark meer begin skuif na die nuwe aanplanting seisoen wat voorlê en hoeveel produsente in die komende seisoen sal aanplant.

Grondbone: In Argentinië het die droogte daar 'n noemenswaardige impak op die grondboon produksie gehad met groot gedeeltes wat se skade nie meer herstel kan word nie en die opbrengs sal laer wees hierdie seisoen. Daar is ook bekommernisse rakende die hoeveelheid aflatoksien wat in die grondbone voorkom tydens droogte en dan die uitvoermarkte beperk. In Brasilië is die verslae rakende die grondbone gemeng met groot gedeeltes van die land waar die verslae dui op goeie kwaliteit, terwyl die kwaliteit in ander gedeeltes van die land redelik swak is. **Plaaslik:** Die plaaslike grondboonmark se produksie lyk tans redelik goed met die gemiddelde opbrengs wat tans bo die gemiddelde opbrengs geskat word.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.